# Hoofstuk van die dag: 3 Johannes

> *Liewe Gaius, ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou*

*gaan. (3 Joh 2)*

Daar is mense wat uit vers 2 aflei dat aardse voorspoed en gesondheid noodwendig volg op geestelike diepgang. Die hele voorspoedsteologie kan hier genoem word. Dis egter nie wat Johannes bedoel nie. Hy wens bloot vir Gaius, sy goeie vriend, gesondheid en voorspoed toe, soos ons dikwels ook vir vriende toewens.
Klaarblyklik was Gaius ’n staatmaker in sy gemeente (anders as Diotrefes, vgl vers 9-10), en Johannes wens hom gesondheid en voorspoed toe in dieselfde mate as sy geestelike gesondheid. ’n Gesonde liggaam huisves immers ’n gesonde gees. ’n Mens moenie só vroom raak dat jy jou aardse lewe afskeep asof dit onbelangrik is nie. Dan tree jy op soos die dwaalleraars van Johannes se tyd wat gemeen het jou gees is al wat saak maak, en dat jou liggaam net ’n lastige dop is wat jy moet ignoreer.
Maar terug by Johannes se wens in vers 2. Hoe gesond is jou geestelike lewe? Sou Johannes vir jou ook kon toewens dat dit in alle opsigte so goed moet gaan as wat dit geestelik met jou gaan?

*Naskrif:* Môre lees ons die brief van Judas.


## Onlangse Bydraes

- Rig 6:14 MET GOD SE TOERUSTING KAN JY DIENSBAAR WEES
- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien

© Bybelkoerant 2018 – 2026